

30 Januarie

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 21:1 (OAV)**

### **Die skepping sal herskep word**

Ons kry in Openbaring 21 'n wonderlike vooruitsig van 'n nuwe era, van 'n nuutgemaakte wêreld wat vir ons voorlê. Die huidige wêreld soos ons dit ken, sal verby gaan.(vgl. Openb. 20:11). God gaan dan die skepping, wat Hy geskep het, herskep deur dit van alle letsels van die sonde vry te maak. Dit is uiters nodig, want die skepping is in sy geheel gebreek as gevolg van die sondeval.(vgl. Joh. 8:44; Jud.:6; 2 Pet. 2:4; Gen. 3). Dit staan onder die vloek van God, en dit verlang self om vrygemaak te word (vgl. Rom. 8:19-20).

God gaan die skepping nuut maak. Hy gaan die hele skepping, die hemel en die aarde, met sy oordeelsvuur louter, soos 'n mens goud deur vuur louter, dit totaal herskep, rein maak en anders inrig as dié een wat deur die sonde besmet was. Op die nuwe aarde sal die see, soos ons dit ken, nie meer daar wees nie, want die see word beskou as die woonplek van die bose (vgl. Openb. 5:13). God maak alles nuut deurdat Hy alle grense en bedreigings wat daar mag wees, uit die weg ruim.

Wat daar wel gaan wees, is 'n heilige stad, die nuwe Jerusalem. 'n Stad wat nie deur mense gebou is nie, maar deur God self (vgl. Heb. 11:10). Hierdie stad word die bruid, die vrou van die Lam genoem (vgl. Openb. 21:9). Hierdie bruid van die Lam is die ware kerk, die ware gelowiges, wat deur die Vader uitverkies is, deur die Seun verlos is en deur die Heilige Gees heilig gemaak en aan God gewy is, vry van sonde (vgl. Gal. 4:26).

Daar in die nuwe Jerusalem sal God Self by ons wees, in sy volkome heerlikheid. Ons sal die Here sien en Hy sal Self tussen ons woon. Ons sal elke oomblik, sonder enige verandering, sy direkte teenwoordigheid geniet. Ons sal in 'n volmaakte gemeenskap met God wees en in sy teenwoordigheid leef tot eer en verheerliking van sy Naam.

Die natuur, ons lewens en werkswyse gaan verheerlik en volmaak wees. Dit sal 'n lewe sonder stryd en spanning, sonder sonde en dood en sonder tranes wees. Net die lewe tot in ewigheid bly oor.

Watter geweldige aansporing is hierdie vooruitsig van die nuutgemaakte wêreld vir ons nie. 'n Nuwe wêreld, by die Here!

Sing: Skrifberyming 23b (18-6):1-5

Ds. P Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop)